11.3.75

G.P.-S.59968—1970-71—2 500 J 219

6975

In the Supreme Court of South Africa
In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(APPÈL) Provincial Division)
Provinsiale Afdeling)

Appeal in Civil Case
Appèl in Siviele Saak

ELIZABETH KEET & ANDER *Appellant,*

versus

MARAISDRIFT (EDMS.) BPK *Respondent*

Appellant's Attorney Jacobs, Gous & Vennote *Respondent's Attorney* Symmington, Louw & de Kock
Prokureur vir Appellant *Prokureur vir Respondent*

Appellant's Advocate J. Pienaar Blignaut *Respondent's Advocate* H.M.L. Combrinck
Advokaat vir Appellant *Advokaat vir Respondent*

Set down for hearing on
Op die rol geplaas vir verhoor op

Coram: Van Blerk, W.N.N.B., Hartman, Jansen
Rabie et Hefer-A.R.R.

(K.P.A.) 9.45 vm ——— 10.00 vm
11.15 vm ——— 11.30 vm
C.A.V.

Writ issued
Lasbrief uitgereik

Date and initials
Datum en paraaf

Bills taxed—Kosterekenings getakseer

Date Datum	Amount Bedrag	Initials Paraaf

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

ELIZABETH LEE.....Eerste Appellant

en

CAESARY JONES.....Tweede Appellant

en

MARAISDRIFT (EIENDOMS) BEPERK.Respondent

Coram: Van Blerk, Wnd. HR., Holmes, Jansen, Rabie et Hofmeyr ARR.

Verhoordatum:	Leweringsdatum:
10 November 1975.	26 Februarie 1976.

U I T S P R A A K.

RABIE, AR.:

Hierdie appèl gaan om die regsgeldigheid al dan nie van die verweer wat die twee appellante in die hof a quo geopper het, nl. dat hulle, as lede van 'n vennootskap - 'n

gewone...../2

gewone handelsvennootskap - wat ontbind is maar waarvan die likwidasie nog nie afgehandel is nie, nie afsonderlik om betaling van n vennootskapskuld aangespreek kan word nie, maar dat die vennootskap as sodanig aangespreek moet word.

Die appellante het saam met hulle suster, n mev. Snyman, in die distrik Rawsonville in vennootskap geboer. Die vennootskap is op 13 Oktober 1971 ingevolge n ooreenkoms tussen die drie vennote ontbind. Dit het op daardie datum R2 711-49 aan die respondent geskuld en mev. Snyman het kort daarna een-derde van hierdie bedrag, nl. R903-83, aan die respondent betaal. Die appellante is op 1 Maart 1972 aangemaan om die oorblywende gedeelte van die skuld, nl. R1 807-66, te betaal, maar hulle het geweier om dit te doen en in Mei 1972 is hulle in die Kaapse Provinsiale Afdeling gedagvaar om gesamentlik en afsonderlik, die een vrygestel te word indien die ander een betaal, die bedrag van R1 807-66, met rente daarop vanaf 1 Maart 1972

(geen...../3

(geen rentekoers word vermeld nie), aan die respondent te betaal. Die verweer waarop die appellante by die verhoor gesteun het, word soos volg in hulle verweerskrif uiteengesit:

> "4. Dit word ontken dat die gemelde vennootskap ontbind is en Verweerderesse beweer dat die gemelde vennootskap nog altyd bestaan vir die doeleindes om die besigheid te likwideer.....
>
> 5. Uit hoofde van die voorafgaande word ontken dat Verweerderesse enige bedrag aan Eiser verskuldig is."

By die aanvang van die verhoor het die partye se advokate aan die verhoorregter gesê dat dit die saak sou verkort indien hy bereid sou wees om eers 'n beslissing te gee oor die regsgeldigheid al dan nie van die appellante se standpunt dat, aangesien die likwidasie van die vennootskap nog nie afgehandel was nie en aangesien die vennootskap vir die doel van sy likwidasie bly voortbestaan het, die

respondent...../4

respondent nie geregtig was om, soos hy gedoen het, die appellante om betaling van n vennootskapskuld aan te spreek nie, maar dat hy die vennootskap self moes aangespreek het. Die verhoorregter het ingestem om so n prosedure te volg en nadat kortliks getuienis gelewer is om te bewys dat die vennote op 13 Oktober 1971 op die ontbinding van die vennootskap ooreengekom het maar dat die vennootskap nog nie gelikwideer was en dat daar nog geen verrekening tussen die vennote plaasgevind het nie, het die geleerde regter, ná aanhoor van die advokate, sy beslissing oor die gemelde vraag voorbehou. Sy uitspraak is op 1 Augustus 1974 gegee en dit is daarna in die Suid-Afrikaanse hofverslae opgeneem: kyk Maraisdrif (Edms) Bpk v. Lee en n ander 1974(4) S.A. 696 (K.).

Die laaste twee paragrawe van die uitspraak van die hof a quo lui soos volg (bl. 703 B-E van die verslag):

"Die dagvaarding het die verweerderesse aangespreek vir betaling, gesamentlik of afsonderlik...../5

sonderlik, van twee-derdes van die hele vennootskapskuld. Indien een van die verweerderesse in gebreke sou wees om haar deel te betaal kan die ander verweerderesse eis dat die onbetaalde deel tussen haar en mev. Snyman verdeel moet word. Die bede gaan dus verder as waarop eiser sonder byvoeging van mev. Snyman geregtig is. Die verweerderesse se verweer was egter dat hulle nie eers vir hulle pro rata aandeel gedagvaar kan word nie. Soos reeds aangedui, slaag dit nie.

Die bevinding van die Hof is derhalwe dat die vennootskap Breëland Boerdery op 13 Oktober 1971 ontbind is en dat die eisermaatskappy geregtig is om die verweerderesse vir die pro rata deel van hul verpligting aan te spreek nieteenstaande dat daar ten tyde van die verhoor nog ongeveer R15 000 aan vennootskapfonds in die bank was. Indien die bewering dat mev. Snyman haar pro rata aandeel van die vennootskapskuld betaal het korrek is, is die Hof se bevinding dat sy nie hoef bygevoeg te word nie mits die verweerderesse elk alleen gedagvaar word om hulle pro rata aandeel te betaal".

As gevolg van wat in die pas aangehaalde paragrawe

gesê...../6

gesê is, het die respondent sy uiteensetting van eis gewysig deur te beweer dat elk van die appellante n bedrag van R903-83, "synde elkeen se pro rata aandeel van die verskuldigde bedrag van R1 807-66", aan hom verskuldig was en deur R903-83 van elkeen te eis. In hul verweerskrif in antwoord op hierdie wysigings het die appellante ontken "dat die gemelde vennootskap ontbind is" en beweer dat dit "inderdaad nog voortbestaan vir die afhandeling van bestaande transaksies en vir die doeleindes van sy likwidasie". By die voortsetting van die verhoor op 12 Desember 1974 het die verhoorhof, nadat sekere erkennings betreffende die feite van die saak namens die appellant gemaak is, elk van die appellante gelas om R903-83, met rente daarop vanaf 1 Maart 1972 (geen rentekoers word vermeld nie), aan die respondent te betaal. Die appellante is ook beveel om die respondent se koste te betaal, insluitende die koste van die "preliminêre punt", maar uitgeslote "die koste veroorsaak deur die

wysiging...../7

wysiging van die deklarasie ....., watter koste deur die eiser betaal sal moet word".

Die appellante het teen die "gehele uitspraak en bevel" van 1 Augustus 1974 en 12 Desember 1974 appèl aangeteken. Daar is geen teenappèl deur die respondent nie.

Namens die appellante is voor ons betoog dat die vennootskap ná die gemelde ooreenkoms van 13 Oktober 1971 nog vir die doel van sy likwidasie - o.m. om die vennootskap se skulde te betaal - bly voortbestaan het en dat, tot tyd en wyl daardie likwidasieproses afgehandel is, die respondent slegs die vennootskap as sodanig kan aanspreek en nie die individuele lede daarvan nie. Dit is die enigste betoog wat namens die respondent voorgedra is, en daar is aan ons gesê dat as dit nie slaag nie, die appèl ook nie kan slaag nie. Ter ondersteuning van hierdie betoog het die appellante se advokaat hom op 'n aantal beslissings van ons howe beroep, maar slegs een hiervan (Du Toit v. African Dairies Ltd. 1922 T.P.D. 245) bied

steun...../8

steun vir sy betoog: die ander beslissings het nie betrekking op die vraag van die aanspreeklikheid van die individuele lede van n vennootskap ná die ontbinding van die vennootskap nie en verwys slegs na die reël dat, vir solank as wat n vennootskap bestaan - d.w.s., tot tyd en wyl dit ontbind is, bv. deur ooreenkoms - slegs die vennootskap as sodanig vir die betaling van vennootskapskulde aangespreek kan word, en nie die individuele lede van die vennootskap nie. Dit is n ou en erkende reël van ons praktyk (kyk bv. De Wet en Yeats, Kontraktereg en Handelsreg, 3de uitg., bls. 577-578), hoewel miskien bygevoeg moet word dat hierdie hof hom skynbaar nog nooit pertinent daaroor uitgespreek het nie. In Du Toit v. African Dairies Ltd. is n lid van n vennootskap vir n vennootskapskuld aangespreek. Mason, R., het in n ex tempore uitspraak beslis dat die vennootskap nog bestaan het "for the purpose of liquidating the business", dat dit derhalwe nog nie "entirely dissolved" was nie, en dat

die...../8(a)

die vennootskap self (en nie n individuele lid daarvan nie) dus aangespreek moes gewees het. De Waal, R., het met Mason, R., saamgestem en het in n kort uitspraak van sy eie o.m. gesê: "As long as there are partnership assets in existence the partnership is still in existence, and as the partnership, therefore, was still in existence when the action was brought, the party to be sued was the partnership and not an individual member thereof". Soos sal blyk uit wat later in hierdie uitspraak gesê word, is hierdie menings nie in ooreenstemming met ander beslissings van ons howe nie en hulle moet as onjuis beskou word.

Die reël van ons praktyk, hierbo genoem, is nie in ooreenstemming met wat deur ons ou skrywers oor die aangeleentheid gesê word nie, en namens die respondent is o.m. aangevoer dat dit om daardie rede uit ons praktyk geweer moet word. Dit is nie nodig om enigsins op die geldigheid van hierdie betoog in te gaan nie, maar ek wil nietemin...../9

temin kortliks verwys na die opvattings van sommige van ons ou skrywers oor die vraag van aanspreeklikheid vir vennootskapskulde omdat dit lig werp op ons huidige reg met betrekking tot die aanspreeklikheid van vennote vir die skulde van 'n vennootskap nadat die vennootskap ontbind is.

Volgens ons ou skrywers kon die lede van 'n vennootskap gedurende die bestaan van die vennootskap individueel deur 'n skuldeiser van die vennootskap aangespreek word. Hieroor skyn daar nie twyfel te bestaan nie. 'n Vraag waaroor daar wel onsekerheid bestaan het en waaroor teenstrydige menings by ons ou skrywers gevind word, is of 'n vennoot vir die geheel van die vennootskapskuld aanspreeklik was of net vir sy pro rata gedeelte daarvan. In die uitspraak van die hof a quo (bl. 698 A-C van die verslag) word verwys na die stelling van De Wet en Yeats (op. cit., bl. 577, voetnoot (a)) dat "volgens ons skrywers" 'n individuele vennoot vir sy pro rata gedeelte van die

vennootskap...../10

vennootskap se skuld aangespreek kon word. Die ou skrywers na wie verwys word, is Voet 17.2. 13 en 16; Van Leeuwen, R.H.R., 5.3.11; Leyser, Meditationes ad Pandectas, Vol. III, Sp. CLXXXV; Glück, Pandekten, § 970,1. 'n Mens sou ook kon verwys na De Groot, wat in sy Inleiding (3.1.31) sê dat 'n handelaar-vennoot slegs vir sy pro rata gedeelte van die vennootskap se skuld aanspreeklik gehou kan word omdat die Romeinsregtelike reël van solidêre aanspreeklikheid as skadelik vir die handel beskou is. Daar was egter ook 'n ander mening. Van der Keessel, Theses Selectae, DCCIII, verklaar dat, volgens die menings van regsgeleerdes en handelaars, dit die gewoonte in Amsterdam geword het om 'n vennoot vir die geheel van die vennootskap se skuld aanspreeklik te hou. Hy bespreek die aangeleentheid ook in sy Praelectiones. In Boek III, Tweede Helfte, Deel 21 ("Van Maatschap") van hierdie werk word gesê dat die reg van Antwerpen - dit was 'n wetteregtelike reëling - waarvolgens handelaar-vennote

elk...../11

elk vir die geheel van die vennootskap se skuld aanspreeklik was, met verloop van tyd as gebruiksregsreël in Amsterdam aanvaar is. Hy sê o.m. in hierdie verband (vertaling van Dr. H.L. Gonin, Band V, bl. 103):

> "....in dié verband bestaan daar 'n advies van 23 Junie 1708 oor die geval waar die vennote onder die naam en titel van die vennootskap gekontrakteer het; in hierdie geval het 'n beroemde regsgeleerde wat 40 jaar ondervinding in die hof gehad het, die leer verkondig dat dit volgens algemeen bekende gewoonte die erkende reël was dat die handelaar-vennote afsonderlik vir die volle bedrag aanspreeklik gehou is; in die getuienis van 16 Febr. 1707 (in die vorige voetnoot) stel die persone wat geraadpleeg is, dit só dat (1) uit hoofde van alle kontrakte wat een vennoot namens die vennootskap gesluit het, alle vennote en elkeen afsonderlik vir die geheel verbind word; (2) dat ook een van hulle namens die hele vennootskap sonder sessie of lasgewing die skulde kan vorder; (3) dat ook enige vennoot in regshandelinge wat hy namens die vennootskap verrig, die titel en ondertekening van die hele vennootskap kan gebruik. 'n

Paar...../12

> Paar jaar later het 'n hele aantal advokate en prokureurs van Amsterdam by 'n verhoor getuienis oor hierdie aangeleentheid gelewer en op 29 Jan. 1710 verklaar dat dit te Amsterdam die erkende gebruik was dat indien twee of meer handelaar-vennote namens die vennootskap koop, hulle dan elkeen afsonderlik vir die geheel uit hoofde van daardie oorsaak aanspreeklik gehou word".

(Wat die advies van 23 Junie 1708 en die getuienis van 16 Februarie 1707 betref, kyk Barels, Advysen Over Den Koophandel en Zeevaart, 2de deel, LXI en LX). Van der Keessel sê ook dat beroemde Amsterdamse regsgeleerdes (celebres jurisconsulti Amstelodamenses) "in verband met die gemene reg wat allerweë onder die handelaars erken is" die advies gegee het dat, net soos in Amsterdam, "handelaar-vennote wat die titel en handtekening van die vennootskap gebruik, elkeen vir die geheel aanspreeklik gehou word" (Dr. Gonin se vertaling, Band V, bl. 105). Van der Linden, Institute, 4.1.13, sê dat vennote wat as 'n firma handel dryf elkeen vir die geheel van die ven-

nootskap...../13

nootskap se skuld aanspreeklik is. In sy vertaling van Pothier se werk oor die kontraktereg sê Van der Linden (Verhandeling Van Contracten, En Andere Verbintenissen, Tweede Deel, Derde Hoofstuk, Art. VIII, par. 2), waar Pothier verklaar dat vennote in solidum aanspreeklik is, in n aantekening dat "Naar ons hedendaagsch recht is de vraag meer of min bedenkelijk" en, nadat hy na gesag vir albei standpunte verwys het, verklaar hy dat die mening dat n vennoot in solidum aanspreeklik is op die beste gronde berus en "ook meer algemeen aangenomen" is. Kyk in hierdie verband ook die artikel van A.J. McGregor, "The case of Simpson & Co. v. Fleck (3 Menz. 213)", in die South African Law Journal van 1909, bls. 15-33, waar o.m. die vraag van die aanspreeklikheid van vennote ná die ontbinding van die vennootskap behandel word.

Die solidêre aanspreeklikheid van individuele vennote, soos genoem deur Van der Keessel en Van der

Linden...../14

Linden, is in ons reg aanvaar met betrekking tot die aanspreeklikheid van vennote ná die ontbinding van die vennootskap. In die heel vroeë saak In re Chabaud (1831) 1 M. 531 is uitgegaan van die standpunt dat n individuele vennoot ná ontbinding van die vennootskap slegs vir sy pro rata gedeelte van die vennootskap se skuld aangespreek kan word en in Haarhoff v. Cape of Good Hope Bank (1887) 4 H.C.G. 304 is daar dicta wat van n dergelike mening skyn te getuig - dit is nie baie duidelik nie: kyk bls. 311 e.v. Hierdie mening geld nie meer nie. In alle ander sake waarin die aangeleentheid ter sprake gekom het, is uitgegaan van die opvatting dat vennote ná ontbinding van n vennootskap gesamentlik en afsonderlik vir die geheel van die skuld van die vennootskap aanspreeklik is: kyk bv. Simpson & Co. v. Fleck (1833) 3 M. 213 op bl. 217; Stoltenhoff's Estate v. Howard 24 S.C. 693; Solomon & Bradley v. Millhouse 1903 T.S. 607; Pienaar v. Suttner Bros. &

Hirschfeld...../15

Hirschfeld 1914 E.D.L. 416 op bl. 419; en Mahomed v. Karp Bros. 1938 T.P.D. 112 op bl. 113. In Walker v. Syfret, N.O. 1911 A.D. 141, op bl. 165, word in die uitspraak van Innes, A.R., met betrekking tot 'n lid van 'n vennootskap wat ontbind is, gesê dat hy "liable in solidum for all debts, and responsible for all its promises" is. In Bester v. Van Niekerk 1960(2) S.A. 779 (A.) het hierdie hof (per Holmes, A.R.) met betrekking tot die aanspreeklikheid van vennote ná ontbinding van die vennootskap gesê dat "on dissolution, the enforceable liability of partners is joint and several in the absence of a contrary express or implied agreement with the creditor" (bl. 783 F-G; kyk ook bl. 785 A-B).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat volgens ons reg die lede van 'n vennootskap ná die ontbinding daarvan solidêr aanspreeklik is vir die skuld van die vennootskap. Die appellante se advokaat het egter aangevoer dat so-

danige...../16

danige aanspreeklikheid eers ontstaan wanneer die vennootskap ontbind is in die sin dat die likwidasie daarvan afgehandel is, en hy het ons na beslissings verwys waarin gesê word dat 'n vennootskap ná sy ontbinding (bv. ingevolge ooreenkoms) vir die doel van sy likwidasie bly voortbestaan. Slegs Du Toit v. African Dairies Ltd. 1922 T.P.D. 245 steun die advokaat se betoog dat die aanspreeklikheid van 'n individuele lid van 'n vennootskap eers by die afhandeling van die likwidasie van die vennootskap ontstaan, maar, soos hierbo gesê is, hierdie beslissing moet as verkeerd beskou word. Die oorweging dat 'n vennootskap ná sy ontbinding vir die doel van sy likwidasie bly voortbestaan, bring nie mee dat die individuele aanspreeklikheid van vennote tot ná die likwidasie van die vennootskap uitgestel word nie. Dit ontstaan sodra die vennootskap ontbind word. Kyk bv. Simpson & Co. v. Fleck 3 M. 213, waar op bl. 217 gesê word: "..... immediately on the dissolution of the firm, each partner individually became instantly and directly liable, and might immediately be sued individually for all debts contracted by the firm prior to its dissolution", en Pienaar v. Suttner Bros. &

Hirschfeld 1914 E.D.L. 416, op bl. 419, waar die gemelde stelling in Simpson & Co. v. Fleck goedgekeur is. In Bester v. Van Niekerk 1960(2) S.A. 779(A.) is beslis dat die vennote aanspreeklik geword het toe die vennootskap tot 'n einde gekom het ("had terminated"): daar is nie verwys na 'n vereiste dat daar eers 'n likwidasie van die vennootskap moes gewees het nie, en daar kon in daardie saak in ieder geval ook nie 'n likwidasie gewees het nie aangesien die appellant in die saak deurgaans ontken het dat hy lid van die vennootskap was, terwyl die ander vennoot eers by die verhoor toegegee het dat daar 'n vennootskap was.

Soos uit al die voorgaande blyk, moet dit bevind word dat in die onderhawige geval die lede van die vennootskap elkeen vir die geheel van die vennootskap se skuld aanspreeklik geword het toe die vennootskap op 13 Oktober 1971 ontbind is. Hiermee is die appèl eintlik

afgehandel...../18

afgehandel, maar dit is miskien wenslik om kortliks te verwys na die bevinding van die hof a quo in die laaste twee paragrawe van sy uitspraak (hierbo aangehaal), asook na die bevel wat uitgereik is nadat die respondent sy uiteensetting van eis en sy bedes gewysig het om dit in ooreenstemming met die bevinding van die hof te bring. Die regsposisie is, soos reeds gesê, dat n lid van n vennootskap vir die geheel van die vennootskap se skuld aanspreeklik word sodra die vennootskap ontbind is, en dit volg dus dat die respondent ná 13 Oktober 1971 enigeen van die vennote vir die vennootskap se skuld kon aangespreek het. In beginsel kan daar geen rede wees waarom hy verplig sou gewees het om al drie vennote saam aan te spreek nie. Kyk bv. Solomon & Bradley v. Millhouse 1903 T.S. 607, waar een van die twee lede van n vennootskap wat ontbind is, gedagvaar is en deur die hof op appèl beveel is om die geheel van die ven-

nootskap...../19

nootskap se skuld te betaal; Simpson & Co. v. Fleck 3 M. 213 op bl. 217; Pienaar v. Suttner Bros. & Hirschfeld 1914 E.D.L. 416 op bl. 419, en die gemelde artikel van A.J. McGregor in die South African Law Journal van 1909, op bls. 29-30 en 33. Nadat mev. Snyman een-derde van die vennootskap se skuld betaal het, het die respondent, soos te begryp is, net die oorblywende twee-derdes van die skuld van die appellante geëis. Sy aanvanklike bede was dat hulle die betrokke bedrag gesamentlik of afsonderlik moet betaal, en hy was geregtig om hulle so aan te spreek. Die sienswyse van die verhoorhof, nl. "die bede gaan dus verder as waarop Eiser sonder byvoeging van mev. Snyman geregtig is", moet, in die lig van wat hierbo gesê is, as ongegrond beskou word. Die hof a quo het elk van die appellante beveel om R903-83 aan die respondent te betaal. Indien dit nou bv. sou blyk dat een van die appellante niks kan betaal nie, sou die respondent kon skade ly omdat hy, weens die aard van die hof se bevel, niks meer as R903-83 van die ander appellant

kan...../20

kan verhaal nie, terwyl hy regtens geregtig was om betaling van die volle skuld van laasgenoemde te eis. Dit is nie nodig om meer oor hierdie aangeleentheid te sê nie, want die respondent sou hom nouliks nou daaroor kon bekla: hy was immers party tot die prosedure wat daar in die hof a quo gevolg is om eers 'n bevinding oor die vraag van die aanspreeklikheid van die appellante te verkry, en hy het na aanleiding van daardie bevinding sy bedes gewysig om slegs R903-83 van elk van die appellante te eis. Daar is buitendien ook geen teenappèl nie.

Die appèl word met koste afgewys.

P.J. Rabie

Appèlregter.

Van Blerk, Wnd. HR.)
Holmes, AR.)
Jansen, AR.)
Hofmeyr, AR.)

Stem saam.

RECORD

M.900/63. IH.

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(CAPE OF GOOD HOPE PROVINCIAL DIVISION)

In the matter between:

R.G. NIEMOLLER (PTY.) LTD.

Applicant



JOHAN DANIEL WILHELM HUMAN VAN DE VIJVER

First Respondent

and

ABEL SHABAN

Second Respondent

Judgment delivered this 29th day of November, 1963.

CORBETT, J. : On the 19th April, 1963, and at Cape Town the Petitioner and one Hugh Jenner-Clarke, as sellers, entered into a written deed of sale with First Respondent, acting as agent and trustee for a private company to be formed, as purchaser, in terms whereof the sellers sold, ceded and made over to the purchaser all their rights, title and interests in and to certain prospecting agreements, which gave the right to prospect for diamonds and precious stones over various farms situated in the Cape Province and listed in a schedule annexed to the deed of sale. This deed of sale forms Annexure "A" to the petition and for convenience I shall hereinafter refer to it as "Annexure A". The relevant provisions of Annexure "A" relating to the consideration to be paid by the purchaser for the purchase of those prospecting rights read as follows:

> "1) In consideration of the said cession the Purchaser undertakes to pay to the Sellers the sum of R86,000 (eight-six thousand Rand) payment to be effected in eight equal instalments of R10,750 (ten thousand seven hundred and fifty Rand) each, the first to be paid on the 31st July 1963 and thereafter at the end

/of .....



of each third month, all such instalments to be paid at the Pofadder Branch of Standard Bank for the credit of the said Niemoller.

In further consideration of the said cession the Sellers will be entitled to receive ten per centum of any Vendor's consideration which the Purchaser may receive in respect of any sale of disposal of these rights or any portion thereof to any person or Company whatsoever. The Trustee hereby warrants in his personal capacity that the total of such consideration or considerations accruing to the Sellers, payable during the period of one year from the date of this Agreement will not amount to less than R20,000 (twenty thousand Rand) in cash or shares whichever the Purchaser receives.

In addition the Sellers will be entitled to subscribe for and to receive upon payment at par ten per centum of the issued capital of any Company that may be formed to take over all or any of the prospecting contracts hereby acquired by the Purchaser, such rights to be taken up by the Sellers within sixty days of notice being served upon them on behalf of such new Company so to do. In the event of their failing to take up such rights, or any portion thereof, the said Trustee will be entitled to take up such rights. In the event of the Purchaser itself undertaking the mining of any diamondiforous property, the Sellers shall be entitled to the immediate issue of shares in the Purchaser, equal to ten per centum of the total capital already issued by the Purchaser as a vendor's consideration in addition to the right to receive ten per centum of any further vendor's consideration subsequently received by the Purchaser."

It is clear from the preamble to the contract that in this clause the term "the Purchaser" refers to the private company to be formed, that the term "the said Niemoller" refers to Petitioner and that the term "the Trustee" refers to First Respondent. Although the purchaser of the prospecting rights was thus the company to be formed, First Respondent undertook certain personal obligations under the contract in the following terms:

"2) As security for the due fulfilment of all the obligations of the Purchaser towards the Seller the Trustee hereby binds himself, his heirs or successors in title and executors to meet all such obligations personally under renunciation of the legal benefits de

/duobus .....



duobus vel pluribus reis debendi et divisionos et excussionis, the meaning and effect whereof he hereby declares to be conversant with. He further undertakes to pledge as security to the said Niemoller for the due fulfilment of such obligations and to deposit with the Pofadder Branch of Standard Bank of South Africa shares of a par value of at least R100,000 (One hundred thousand Rand) in the Purchaser subject to the following conditions ;

(a) The said Bank is hereby authorised to release upon payment of any portion of the debt payable to Niemoller a portion of such shares in the same ratio as the portion of the debt bears to the total thereof.

(b) In the event of the Purchaser failing to make any payment on due date, and the Trustee himself failing to make good such payment within thirty days after demand in writing upon him by the said Niemoller so to do, the said Niemoller shall be entitled to realize all such shares in the hands of the said Bank to the best advantage for his own benefit and without prejudice to any other right of action he may have.

(c) The said Bank shall be entitled and is hereby authorised to substitute for the pledged shares in the event of the Purchaser making over any of its prospecting rights hereby acquired to another Company, shares in the new Company according to proportion of the issued capital of each company."

Other relevant terms of Annexure "A" are clauses (4), (10) and (11) which read as follows:

"4) The Purchaser further agrees to purchase from the said Niemoller all the equipment and machinery used in prospecting operations, according to the second schedule hereto, for the sum of Ten thousand Rand (R10,000-00), the said sum to be paid within ninety days after payment of the final installment in terms of paragraph One hereof.

The personal guarantee of the Trustee already set out shall also cover this debt. The said Niemoller, shall notwithstanding have the option to utilise the said amount, or any other amount owing to him in terms of this Agreement in the acquisition of the subscription shares referred to in Paragraph One hereof, and in that event the Trustee personally

/guarantees .....



guarantees the issue of such shares to him. Upon such issue the debt due to him will be reduced accordingly. The Sellers give no warranty as to the condition of any of the articles sold in terms of this paragraph and such articles are sold voetstoots. All such articles are deemed to be delivered to the Purchaser with immediate effect and the risk passes upon the signing of this Agreement.

.....

10) The Parties hereto agree to sign all such documents as are required to give effect to this Agreement within thirty days after being called to do so.

11) The Sellers undertake to deliver the originals of all prospecting contracts or notarially certified copies thereof to the Purchaser within thirty days of the date hereof together with the individual cessions of each separate contract."

On the same day as that upon which Annexure "A" was signed by the parties thereto, i.e. on the 19th April, 1963, Second Respondent executed a deed of suretyship in terms whereof he bound himself jointly and severally as surety and co-principal debtor for the due fulfilment by First Respondent (J.D.W.H. van de Vijver) of -

"all the obligations of the said van de Vijver (the said trustee) arising out of the aforegoing agreement."

Subsequently disputes arose between the parties in regard to the implementation of Annexure "A" and negotiations took place between them. It is not necessary at this stage to traverse the details of these matters. Eventually on the 3rd October, 1963, Petitioner filed a petition citing First and Second Respondents as respondents. The petition alleges that at all material times a partnership existed between Petitioner and Jenner-Clarke, a geologist, with regard to the prospecting for diamonds on various farms situated in the Namaqualand and Van Rhynsdorp areas of the Cape Province. Upon some of these farms diamonds had in fact been found

/but .....

but all the farms had been chosen by Jenner-Clarke, who in most instances had been assisted by another geologist, one Baxter Brown, because of indications of the presence of diamonds. The Petitioner had spent altogether an amount of R152,042 on this enterprise. The petition then proceeds to refer to the conclusion of the contract, Annexure "A", in terms of which prospecting rights over certain farms were sold to the purchaser, and to the main provisions thereof. It is further averred that it was common cause that the purchasing company would be incorporated within 14 days after the conclusion of the contract and that the shares therein should be deposited, in terms of clause 2 of Annexure "A", as soon as possible thereafter; that, at any rate, it was certainly the intention that the shares should be deposited before the first instalment became due and payable under the contract on the 31st July, 1963. The petition also refers to the execution of the deed of suretyship by Second Respondent and the terms thereof. It is then alleged that the purchaser wrongfully and unlawfully failed to perform the obligations imposed upon it by the contract, more particularly in the following respects (see para. 10 of the petition):-

> "(a) Die koper het nagelaat om die eerste paaiement van R10,750-00 verskuldig ingevolge paragraaf 1 van die gesegde koopkontrak op 31 JULIE 1963 of tot op datum hiervan te betaal;
>
> (b) Die koper het nagelaat om aandele teen 'n pariwaarde van minstens R100,000-00 of hoegenaamd te deponeer ooreenkomstig die bepalings van paragraaf 2 van die gesegde koopkontrak."

This paragraph displays some confusion of thought since it is clear that under Annexure "A" it is the company-to-be-formed which is the purchaser and, while the obligation to pay the instalment is imposed primarily on the purchaser,

/the .....

